

REDAKSIES

Pretoria-Maranata
Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za
Lede: Cornelia Kerkhoff,
Hendriët Pouwels
Finansies: Erik Visser

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker
caad@tuks.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Lieze Bron, Eric Danielz,
Willem de Jager,
Arjan van Houwelingen
Illustrasies & voorblad:
Alex van Houwelingen

Kaapstad
Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkomsa.net
Lede: Corlia Drijfhout,
Anja Luijk

ADMINISTRASIE

Uitleg
Marlene de Vente
marlene.devente@gmail.com

Administrasie
Administratief & finansies:
Hilda Middeljans
Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.
Hierdie uitgawe is ook
elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

Die skole het weer begin, baie mense begin of hervat hulle studies en baie begin weer met 'n nuwe werksjaar. Almal is vol entoesiasme oor alles wat hulle gaan aanpak. Maar is ons nog so vol entoesiasme oor ons geloof en liefde vir God? Loof en eer ons Hom nog vir alles wat Hy vir ons beteken en gedoen het en nog elke dag doen?

God is 'n oneindige bron van vreugde en hoop! En saam met Hom sal jy hierdie jaar wat voorlê kan takel met groot vrede en vreugde in jou hart, omdat jy weet dat God jou altyd sal bystaan, help, vertrous en lei. Sonder Hom is ons niks! Daarom is dit belangrik dat ons Hom sal en wil loof vir Sy goedheid. Een van vele maniere is om dit te toon deur dit te skryf, sodat ons dit in die Olielamp kan plaas om ander mense te laat sien dat God groot is en alle lof verdien. Help ons dus in ons taak om God te dien en Sy Woord te versprei.

Ons wil vir Marthie Breytenbach, wat ons verlaat het, bedank vir al haar tyd en wysheid en die skrywe van die kerkgeskiedenis artikels. Corlia Drijfhout is ons nuwe lid. Welkom!

Verder, sterkte vir die jaar waarin alweer 'n maand verby is. Geniet hierdie uitgawe en die lewe!

Kaapstad,
Adriaan



IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
Begin by God (Psalm 104)	3
Oppad	5
Mamma, ek wil 'n brandweerman wees!..	5
Hoekom selfmoord onder jeug?	6
Voel jy ook so?	7
Jammer, ek moet sondig	7
Lees jy die Olielamp?	8
Deur die sleutelgat	9
Kongres 2005 - Samevatting	10

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 12 Februarie 2006

VORIGE UITGAWE

JAMMER!

Ons maak verskoning vir die foutjie wat by die vorige Olielamp uitgawe ingesluit het. Die artikel 'Die voorsienigheid van God' is geskryf deur Arnold van den Bout en nie Arnold Pouwels nie.

Uit die Woord

Begin by God (Psalm 104)

Corlia Drijfhout

'n Wonderskone psalm, 'n lofsang op die magtige skepping van God. Hierdie psalm is eintlik 'n digterlike kommentaar op Genesis 1. Die digter is diep onder die indruk van die grootsheid van die skepping en daarvandaan styg die gedagtes op na die Skepper.

Soos Psalm 103 begin hierdie Psalm ook met die woorde: "Loof die Here, o my siel!". Waar Psalm 103 die lof van die Here besing oor Sy genade, barmhartigheid en verlossing uit die sondedood, word die almagtige God van hemel en aarde in Ps 104 geloof oor Sy grootse werke in die skepping.

Ons leer die heerlikheid van God in Sy ganse skepping ken. Die hemel wat Hy soos 'n tentdoek uitspan (vers 2), die aarde se plek in die sonnestelsel (vers 5), die wolke wat oor ons sweef (vers 3), die winde wat oor ons waai, die vure wat brand (vers 4), die sonvloed in die verre verlede (vers 6), die donderweer, God se skeppingsdaad met die berge en die oseane (vers 8 en 9), die fontein wat uit die aarde uitbreek om mens en dier water te gee, die wonder van reën (verse 10 en 11), die wonder van die natuur in die seisoene wat kom en gaan en die voortdurende rotasie van dag en nag wat alles die heerlikheid van God vertel. Ps 19:2 sê ook: "Die hemele vertel die eer van God en die uitpansel verkondig die werk van Sy hande."

Dit is treffend dat Ps 104 begin met die beskrywing van God self. Eers nadat God self besing is, word Sy werke in die skepping beskryf en geloof.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer in Artikel 2 dat God Homself deur twee middele bekend maak of openbaar: "Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit

Stilstaan

Die 2 bome

'n Man het 2 bome geplant.

In die woestyn.

Bo-op 1 van die bome het hy 'n klip neergesit.

Toe gaan hy weg.

Om na 25 jaar terug te kom.

Wat het van die 2 bome geword?

Net die boom met die klip bo-op het nog daar gestaan.

Hierdie boom het baie wortels gemaak om die swaar las wat bo-op hom was te kan dra.

Die ander boom, daarenteen, het baie vinnig groot geword.

Maar het ook gouer doodgegaan van die droogte en harde wind omdat die wortels nie diep genoeg was nie...

Mense kan ook moeilike dinge beleef. Siekte, probleme, geen huis om in te woon nie, vlugteling wees.

Of moeilike dinge: dat jou ouers skei of dat jou ouma sterf. Dit kan baie swaar wees. Net soos die klip.

'n Mens sou kon dink dat as mense 'n swaar las het om te dra dat hulle tog ook baie sterk kan word.

Net soos die wortels van die boom.

is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem."

Tweedens maak God Homself "deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot ons saligheid."

Dit is duidelik dat ons vanuit die skeppingswerke van God veral iets te wete kom omtrent Sy krag en wondermag. Sy Woord openbaar ons alles aangaande God wat nodig is vir hierdie lewe en veral ten opsigte van ons saligheid. Anders gestel: die natuur leer ons hoogstens iets van God se almag en voorsienigheid. Die Bybel leer ons God ken as die Vader in en deur Jesus Christus, ons verlosser en saligmaker (vergelyk Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 26). God is vir ons 'n getroue en sorgsame Vader wat deur sy ewige raad en voorsienigheid Sy skepping nog onderhou en regeer. Hy versorg ons met alles wat vir liggaam en siel nodig is.

Die gras van die veld, die bosse en die bome, ook die reuse seders van die Libanon gee die Here alles "tot diens van die mens" (vers 14). Dit dien die mens, deurdat dit aan hom voedsel gee. Selfs die wyn van die wingerde, die olie van die olyfbome, gee Hy aan die mens sodat sy hart bly kan wees (vers 15). Koring, wyn en olie was die vernaamste produkte in Palestina. Die Here sorg nie alleen vir die voedsel van die mens nie, maar ook vir sy genieting.

Die volle heerlijkheid van God word eers gesien wanneer die Woord van God deur die werk van die Heilige Gees ons oë, hart en verstand verlig (Ps 119:105). Die hoogste inhoud van die besondere openbaring is Jesus Christus.

Maar wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur Sy voorsienigheid onderhou? (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 28). Ons kan in voorspoed dankbaar wees en in alle teespoed geduldig wees. Ons kan ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader stel dat geen skepsel ons van Sy liefde sal kan skei nie aangesien alle skepsels so in Sy hand is dat hulle hul sonder Sy wil nie kan roer of beweeg nie.

Laat ons altyd eers met God begin, en dan vanuit Hom sy wonderlike skeppingswerke aanskou en bewonder.

"Loof die HERE, o my siel!
HERE my God, U is baie groot ... "
Ps 104:1a

Oppad

Mamma, ek wil 'n brandweerman wees!

Lieze Bron

Op kleuterskool vra die juffrou altyd wat jy eendag wil word. Jy hoef nie eers twee keer te dink nie. Dis maklik. Gewoonlik is dit iets wat jou ouers vir 'n lewe doen, of soms is dit 'n onskuldige antwoord soos: "ek wil eendag 'n tannie wees". Nou weet ons darem al van beter, of doen ons werklik?

Jy gaan doen gewoonlik 'n bietjie navorsing en dink daarvoor na. Daar is dan ook vier faktore wat 'n uiterste belangrike rol speel wanneer ons oor ons keuse na dink, nl: stel ek belang in die beroep, gaan ek eendag werk kan kry, sal ek die werk kan doen, en dan die faktor wat die grootste gewig dra, gaan ek baie geld kan maak? Daar is selfs van ons wat 'n boek neem en kyk watter beroep die grootste salaris verdien en dan ons keuse daarop baseer sonder om ag te gee op die eerste drie faktore.

Is dit faktore waarna 'n Christen moet kyk? Wat wil God hê moet ons in ag neem? 'n Christen is veronderstel om die volgende vrae te vra: Watter geleenthede gee Hy vir my om aan te gryp? Hy het vir my talente gegee, hoe kan ek hulle aanwend om Hom te dien? Ander faktore is meer aardse faktore, maar speel ook 'n rol soos bv. of jy dit finansieel sal kan bekostig om te gaan studeer en in watter omgewing met behoeftes jy jou bevind. Jou belangstelling en jou aanleg speel ook 'n rol. As jy hoogtevrees het kan jy mos nie 'n vlieënier gaan word nie. Die heel belangrikste faktor is of die beroep wat jy gekies het 'n negatiewe invloed op jou as Christen of jou Christenskap gaan hê. Hieruit kan ons sien dat jy nie net sommer enige beroep kan gaan kies nie, maar dat dit 'n geloofsaak is waarvoor jy moet gaan dink en God daarby moet betrek. Daar is baie meer faktore as die paar wat ek genoem het. Jy moet gaan en die

faktore opweeg met dit wat jy eendag wil gaan doen.

'n Groot tendens vandag is dat vroue gaan werk. Die redenasie is dat hulle ook talente ontvang het en dan ook die reg het om dit aan te wend en te beoefen. God sê in Genesis dat die man sal werk en die vrou na die gesin (kinders) sal omsien. Dit klink verskriklik. Kan 'n mens dit nog op vandag van toepassing ag? Mans trek deesdae aan die kortste ent as dit kom by werkseleenthede en om broodwinner te wees. Die vrou het die plig en die talente om 'n ma te wees. As sy dit kan doen en graag haar ander talente ook wil benut, is daar niks meer verkeerd nie. MAAR die vrou mag nie haar huisgesin opsê omdat sy wil gaan werk nie. Ek glo dat as 'n vrou suksesvol ma en werkende vrou kan wees, is daar niks mee verkeerd nie. Haar grootste plig lê wel by haar huisgesin en as dinge nie meer wil uitwerk nie, dan moet sy liever haar werk eerste opsê.

Dan net 'n laaste gedagte. Met die oog op die toring van Babel (Gen. 11:4-5). Miskien het dit weer 'n slag nodig geword dat ons ons eie onmag sal besef, dat ons selfsugtige ideale sal verkrummel en dat ons sal ontdek dat ons nie meer die hef in die hand het nie, maar opnuut sal besef dat al die antwoorde by God te vinde is. God het elke mens 'n taak gegee en daarmee moet ons ons besig hou en Hom daardeur dien. Dan sal ons ook die vrugte van ons harde werk kan geniet. (Pred. 3:10&13).

Kol. 3:23

*"En wat julle ook al doen,
doen dit van harte
soos vir die Here
en nie vir mense nie".*

Hoekom selfmoord onder jeug?

Jeanine Hordijk

Selfmoord onder jong mense is iets wat ons deesdae baie meer van hoor. Van tyd tot tyd hoor 'n mens daarvan in die nuus of selfs op jou eie skool of universiteit. Dit bly altyd maar moeilik hoe om daarvoor te dink en te verstaan wat iemand so ver sal bring om sy eie lewe te neem.

God gebied duidelik dat ons nie mag dood slaan, en dit geld ook vir ons eie lewe. Tog, as 'n mens sien die kompleksiteit en die oorsake wat gelei het tot so 'n stap, kan 'n mens baie keer nie so 'n persoon veroordeel nie.

Depressie is een van die grootste oorsake van selfmoord. 'n Mens is negatief en verloor perspektief in die lewe. Jy hou jousef eenkant en hardloop weg van jou probleme. Jy voel kwaad en bitter teenoor jousef en die hele wêreld. Daar is baie oorsake van depressie en by elkeen is dit verskillend!

Die oorsaak van depressie kan wees a.g.v. verskillende negatiewe gebeure by die skool, universiteit, huis, werk of spannings in verhoudings met vriende of vriendinne of mense rondom jou. Dit kan ook wees omdat jy teleurgesteld is in jousef omdat jy nie die hoë prestasies behaal soos wat jy jousef as doel gestel het nie. Dit kan ook voorkom by mense wat as kinders nie geleer het om oor hul emosies te praat en net binne hulself leef. Eensaamheid of stres a.g.v. veranderinge in jou lewe is alles oorsake wat 'n mens depressief kan maak. Aan die ander kant kan depressie ook gebruik word om aandag van ander te soek. Depressie kan ook 'n oorsaak wees van fisiese probleme soos siekte. So kan 'n mens nog baie oorsake noem.

Of is daar geestelike of geloofsvrae wat jou depresief maak? Dit kan wees dat jy 'n verkeerde houding het teenoor jou sondes en steeds skuldig voel. Jy soek nie die oplossing by Christus nie. Dit kan ook wees dat jy teleurgesteld is in jousef of ander. Dit kan selfs ook wees dat jy geen berou teenoor jou naaste wil bewys of teenoor God nie.

Hoe kan ons 'n verskil maak om depressie te voorkom?

Ons kan vir so 'n persoon ondersteun en vir hom/haar sorg in die kerk. Die persoon ook

weer hoop in die lewe gee, sodat hy of sy weer perspektief in die lewe kan sien in Christus! Ons moet 'n hoopvolle en gelukkige atmosfeer skep en die persoon verseker van God se liefde vir hom/haar. Dis ook nodig, waar dit moontlik is, om die probleem te probeer oplos. Maar soms is professionele hulp nodig, maar belangrik is dat dit vanuit 'n Christelike perspektief gedoen word. Wees realisties, moenie te hoë verwagtings aan jousef stel nie, sodat jy nie oorspanne raak nie!

Ons moet hom/haar daaraan herinner dat hul kondisie nie uniek is nie. Hy of sy kan hopeloos en afgesonderd voel en voel dat geen Christen al so 'n gevoel van depressie ondervind het nie en dus dink hy of sy hulle is nie goeie Christene nie. Nee dis nie waar nie! Baie persone in die Bybel was ook depressief! Dink maar aan Dawid, Job en Paulus. Psalm 42:6 sê " Wat buig jy jou neer o my siel, en is onrustig? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof - die verlossing van sy aangesig!"

Hieronder volg 'n paar riglyne hoe om jou lewe in te rig tydens die donker dae en eerder na God se werk te kyk buite onself.

- Weet seker dat jy 'n sondaar is, maar verseker ook dat Christus vir jou sondes gesterf het;
- Maak seker jy verstaan God se genade;
- Moenie jou hoop op hierdie lewe stel nie, maar vertrou op God;
- Moenie jousef afsonder nie;
- Dink daaraan dat dit nie 'n sonde is as jy daarteen stry om nie verlei te word nie, maar dis sonde om sonde te doen;
- Oorweeg die feit dat Satan dit geniet om jou depressief te sien;
- Bid gedurig deur;
- Wees ywerig in geloof en liefde;
- Praat met iemand wat sal kan help.

Vertrou op die Here Jesus wie se ontferming oneindig is in soverre dit ooreenkom met Sy wil.

Bron: Clarion vol 45 no.11 Mei 31 1996

*The Church's ministry to those who suffer from depression
L.W. Bilkes*

🎯 Voel jy ook so?

Jammer, ek moet sondig

Anoniem

Was jy al ooit in 'n situasie gewees waar jy moes sonde doen om aan die lewe bly? Ek herinner my die verhaal van 'n ouerige Nederlander wat vertel het hoe hulle tydens die Tweede wêreldoorlog pale van die Duitsers gesteel het vir brandhout om die koue winter te oorleef. Of die storie van die Nederlanders hoe hulle blatante leuens vir die Duitsers vertel het om die lewe van die Jode wat in hul huise skuil gegaan het, te red.

Was jy al ooit in 'n situasie waar jy moes sonde doen om jou skool/universiteitsjaar deur te kom? Jy was mos verplig om die moorddadige Macbeth op skool te lees, ander lasterlike lesmateriaal te bestudeer tydens talestudie op universiteit en selfs die opvoerings daarvan by te woon?

Dalk was jy al in 'n situasie waar jy gedwing is om mee te help aan 'n aborsie of genadedood. Dalk moes jy genetiese manipulasie toepas waar dit totaal met jou beginsels bots. Ja, en doen jy dit nie, verloor jy jou werk of die moontlikheid tot bevordering.

Wat moet ons doen? Ons is immers in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Ons word opgeroep om die sonde te haat en te ontvlug en 'n heilige lewe te lei. Mag ons dan sonde doen om lewe te red? Mag ons sondige verhale lees en lasterlike opvoerings bywoon? Moet ons moord pleeg omdat ons anders bang is dat ons werk sal verloor?

Die Nederlander wat hout pale gesteel het, vertel hoe sy ouers saans, voordat hulle hom bed toe gestuur het, die Here gevra het om hul sondes te vergewe en spesifiek: Vergewe ons Here as ons gesteel het om aan die lewe te bly.

Ons lewe in 'n sondige wêreld en die gevolge daarvan is onvoorstelbaar groot. Soms moet ons 'n leuen vertel of steel om lewe te red, maar dis belangrik dat ons telkens weer besef dat ons sondig en om God se vergifnis moet vra. Die Here ken ons hart en weet waarom jy die sonde moes doen; Hy sal jou om Christus wil steeds in genade aanneem as jy jou skuld opreg bely. Klink dit vir jou bietjie ongereformeerd en onskriftuurlik? Kom ons kyk na enkele gevalle van werklike noodleuens in die Bybel.

Gen. 12:13

Abram vertel dat Sarai sy suster is; God beskerm

Ex. 1:18-20

Vroedvrou vertel 'n leuen; die Here bewys guns

Jos. 2

Ragab vertel 'n leuen; die Here bewys guns aan haar

1 Sam. 20:6

Jonatan lieg vir Saul om Dawid se lewe te red

2 Sam. 17:20

Knegte van Dawid word deur 'n leuen gered

Oor die noodleuen as sodanig vind ons geen duidelike uitsprake in die Skrif om dit af of goed te keur nie.

In die Nuwe Testament het Christus vir ons getoon dat die behoud van lewe 'n hoër eis is as die onderhouding van ander wette. Die naasteliefde moet die hoogste woord spreek. Kom ons kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

Mark. 2:23-28

Jesus keur die feit dat Dawid die gebod oor die offerbrood verontagsaam het om hulle lewe te onderhou, goed.

Mark. 3:1-6

Jesus genees die man met die gebrekkige hand op die Sabbat

Luk. 14:5

Jesus toon dat die behoud van die lewe van die naaste die hoogste plig is en dat ander voorskrifte dan van minder belang is.

By die lees van bepaalde boeke en die bywoning van verpligte opvoerings is geen lewe op die

spel nie. Ook nie wanneer jy gevra word om die leuen van evolusie te onderskryf nie. Beteken dit dan dat jy nie matriek kan slaag nie en jou talestudie of Biologiese studies op universiteit moet staak? As ek dit sou sê, sou ek jou moes aanbeveel om in 'n soort van Orania-tuisland te gaan bly, waar almal gereformeerd is. Die Here vra dit nie van ons nie.

Dit wat die letterkunde propageer en die biologie leer, is ook dit waarmee ons elke dag te doen het. Ons hoor en sien dit in die strate, koerante, tydskrifte en dies meer. Ons is immers in die wêreld. Ons mag egter nie aan die wêreld gelykvormig wees nie!

Dit beteken dus dat jy duidelike Skriftuurlike standpunte moet hê en daarvan moet getuig teenoor jou onderwysers/dosente en mede leerders/studente. Indien jy die lesmateriaal bestudeer moet jy in gedagte hou dat jy van nature sondaar is en ook deur die verkeerde beïnvloed kan word. Daarom sal jy eers die Here vir beskerming moet vra, telkens wanneer jy daarmee te doen kry. Wanneer God se Naam gelaster word sal jy, nadat jy jou dosent daarvan in kennis gestel het, nie die boek lees of die opvoering daarvan bywoon nie, maar jou eerder wend tot resensies en studie notas

daarvan. Ons is immers mede skuldig wanneer God se Naam gelaster word en ons dit aanhoor!

Aborsie en genadedood is moord; dit beëndig die lewe van die naaste. Jy sal vir God en Sy eer moet kies en die mediese ingreep daartoe moet weier. Verloor jy daardeur jou werk, of word daar tugstappe teen jou onderneem? Jou diens aan God is belangriker as diens aan jou werkgever. Is dit nie die Here wat werksgeleenthede gee nie? Is dit nie die Here wat jou belowe het om vir jou te sorg nie? Wees gehoorsaam aan die Here en volg Hom, Hy sal jou nooit teleurstel nie. Hy sal jou meer gee as dit wat jy verloor.

Lyk dit vir jou moeilik om so Christen te wees? Dit is baie moeilik. Maklik om te sê dat ons die video moet afskakel as God se Naam misbruik word. Moeilik om dit dan ook werklik te doen as die flik so mooi is. Uit onself is ons swak en onwillig, maar deur die krag van God is ons sterk. Gaan dan op jou knieë en vra die Here om jou sterk en moedig te maak sodat jy jou wil in alles aan God se wil kan onderwerp.

Lees jy die Olielamp?

Jaco Haak

Ek lees dit nie... Dit was my instinktiewe antwoord. Dit is nie heeltemal waar nie. Ongelukkig moet ek erken dat ek dit nie so gereeld lees soos byvoorbeeld die saterdag se koerant nie. En as ek dit lees is dit nie wat mens noem deeglik nie.

Nee...Boring...Miskien...Ja, kom ek lees hierdie een." So gaan dit so 'n bietjie. Nou voel ek ook meteen skuldig aangesien dit nie die manier is om dit te doen nie. 'n Mens gun dit nie 'n kans nie. Miskien (ek dink ek is korrek) vereenselwig baie van julle jul ook met my.

Indien julle verwag het dat ek hier sou kom met Bybelse tekste oor hoe mens Christelike lektuur moet lees, sal julle diep teleurgesteld wees. Lees dit met geen bevooroordeelings, wees oop vir nuwe insigte, wees krities ens. Haal ander christelike lektuur en die Bybel daarby as jy twyfel of om dinge net te herbevestig. Daar. Dis my siening

oor die saak. Waar ek eintlik oor wil praat is wat die Olielamp vir ons kan beteken.



Ongelukkig het ek oor die jare al minder die Olielamp waardeer. Die fout lê nie by die redaksie nie. Hulle is net die administratiewe sy van so 'n blad. Hulle reël dit en daarvoor wil ek hulle bedank. Die fout lê eerder by die lesers en die skrywers waar ek deel van is. Die jeug is die teikenmark van die blad. Dis daar vir hulle. Dit is 'n middel om met mekaar te besin oor kwessies, te deel in vreugdes, verdriet, om God te eer en stil te staan by Sy goedheid. Dit is dan jammer dat ons ons hande afvee aan die Olielamp.

Hierdie geleentheid wat daar is om mekaar te

bemoedig, om saam te staan as gelowiges in hierdie lewe moet ons beter benut.

Gereeld gebeur dit dat lede van die jeug nie 'n artikel wil skryf as hul benader word nie. Goed, nie almal is lus om te skryf oor "Dogmatiek in die 21ste eeu" nie. Dit is natuurlik oordrewe maar as 'n mens gevra word moet 'n mens tog wel probeer. Jy sal verbaas wees oor hoe baie jy self daaruit leer. Andersins is dit glad nie verkeerd om dan voor te stel dat jy oor iets anders sal skryf nie. Dinge wat jou pla. Onderwerpe wat jou interesseer. Sit dit op skrif! Deel jou blydschap, moeities en vrae met ander. Moenie dink jy staan alleen nie.

Laat ons asseblief wegbly van kategismus artikels, of artikels wat mens direk uit boeke oorskryf. Wat sê jy? Wat dink jy? Dis wat ons wil weet. Vergeet wie dit gaan lees en wat hulle gaan dink. Die Olielamp is daar om die jeug die geleentheid te gee om te beraadslaag, om idees, insigte en kennis uit te ruil. Wees eerlik. Swot 'n bietjie op en skryf neer wat jy geleer, wat jy

gevoel het. Anders gaan die blad (of het dit alreeds) vervlak tot 'n oppervlakkige gebrabbel.

Natuurlik is daar mense wat nie hou van skryf nie, of dit moeilik vind. Tog voel ek dat te veel mense met swak verskonings of sommer geen verskoning eerder nie skryf nie. Gebruik die geleentheid wat die Olielamp bied. Laat ons van mekaar leer en na mekaar luister en mekaar help. Ons staan almal saam in die stryd, nie teenoor mekaar nie!

Dis maklik om negatief te wees. "Die Olielamp sê my niks". "Die artikels is waardeloos". Daai verbruikershouding is verkeerd. As jy so daarvoor voel, doen iets daaraan! Wees positief. Terug sit en kla help nie die blad nie. Die redaksie is nie daar om die blad "beter" te maak nie, **jy** is. As almal so 'n houding kweek sal die artikels verbeter. Dan sal daar meer artikels inkom en sal mense dit meer lees en sal daar 'n beter en gesonde kommunikasie band gevorm word. Is dit nie wat ons almal wil hê nie?

Deur die sleutelgat

Sleutelgatloerders, broeders en susters, leen my julle ore!

Voor ek begin wil ek u net in kennis stel dat daar in hierdie uitgawe van die sleutelgat absoluut niks oor die Kongres gesê gaan word nie. Vanwaar hierdie skynbare negatiewe houding sal julle vra? Wel, dit is ten eerste gehou te Pretoria en wil ek nie herhaal wat eintlik vir hulle is om te sê nie. Verder was daar ook 'n ruime aantal jeuglede wat hulle hier in die Kaap bevind het en net soveel pret gehad het. Daar is ook lede van die VGK publiek wat juis wil weet wat hier gebeur het.

Toe die vakansie gewink het, het die wat kongres toe sou gaan al begin droom oor die lekker avonture wat hul daar gaan beleef. Die res het begin beraadslaag vir die komende dae van rus. Sekere mense sou miskien dink dat vakansies vir rus is, vir uitslaap. Jy sal verkeerd wees my mater. Ewart, Alex, Petra en Anneke het daarop besluit om ons oewers te kom besoek. Om uit ons waterbakke te kom drink. Gevolglik wou hulle 'n fyn beplande reisplan sien op hul aankoms. Dit het natuurlik so geskied.

Annelie en Anja het nie op hul laat wag nie en die strande opgesoek, Piz Buin was hul getroue vriend. Clifton was heerlik. Die water was nie te koud nie, die son nie te warm nie. Hierdie dames is ook die spil waarom die sosiale lewe draai van die jeug en soos die son water begin trek, of hom letterlik in die see stort, daag die sonstraal-sku mense op om saans die aand daar te verwyf met die gekabbel van die branders, die aangename windjie, die geselskap en miskien 'n kaartspel op die koop toe. Hierdie ritueel het homself so 'n paar keer afgespeel deur die loop van die vakansie.

Ewart en sy stoet van aanhangers waaronder sy niggie Janneke en haar "vriendjie" Edwin, het Franschoek gaan verken na 'n braai by Jonkershoek. Die brande in die berge daar het geensins 'n demper op die verrigtinge geplaas nie. Die naglewe van Franschoek het teleurgestel. 'n Boer maak 'n plan en daar is tot laat gefuif en poker gespeel met hordes kleingeld. Baie amusant. Riaan is stellig gekroon as die behendigste speler met sy versigtige benadering tot die spel. Wie nie waag nie, wen nie. En toe Ewart al sy snel verminderende kleingeld op die spel plaas het hy dubbel en dwars munt daaruit geslaan, om net

daarna gedompel in skaamte uit te val! Alle kleingeld is geskenk aan 'n welsynsorganisasie van die wenner se keuse...

Nog 'n interessante feit oor Anja en Annelie is dat hulle so te sê professioneel vlugbal beoefen. Toe twee brekers met kraagskrapers (mullet) niksvermoedend hulle uitdaag tot 'n vriendskaplike vlugbal pot het hulle na twee vernederende loesings stert tussen die bene hulle uit die voete gemaak. Die toeskouers op die strand het spontaan in trane uitgebars by die aanskoue van sulke vernuf.


Om af te sluit het oujaarsaand rustig verloop met Antoinette wat die leisels geneem het en die aand pragtig gereël het. Van heinde en ver het die gaste opgedaag. Daar was 'n oomblik van

paniek toe niemand regtig die aftellery gehoor het nie en vele toe daar verdwaas rondgestaan het. Toe iemand per ongeluk sy sjampanje aanbreek, het almal ontspan en was die orde herstel.

Met spyt moes ons afskeid neem van ons gaste. Veral Ilze wat vir jare 'n bekende gesig was en nou haar gaan vestig in Gauteng. Ons gaan jou mis! Ek verneem wel dat sy net onder 'n dekmantel daarheen gaan om rekrute te vind vir die Kaap. Sterkte met alles daar!

Volgende maand iets oor Siebe, die man agter die beeldskone gesig. Onthou: "Vote for Pedro" en sterkte met die voortsetting van studies, skool en werk!

Groetnis.



Samevatting

'n Hart vir mekaar

God sê in Sy Woord: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand. En daaraan gelyk, jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Die doel van die werkwinkel was om die probleme te identifiseer oor hoekom ons nie 'n hart vir mekaar het nie. En tweedens om 'n beter begrip te kry oor die opdrag.

1. Invloede wat op ons inspeel

Droomwêreld vs 'Real World'

Die mens glo alles sal net beter word. Hulle leef net na 'n volmaakte toekoms. 'n Toekoms waar hulle geregtig is op eie insigte, denke en vrede. Hulle streef m.a.w. na 'n tipe Franse Rewolusie: eenheid, gelykheid en broederskap.

Maar a.g.v. die sonde is soveel beskawings al tot 'n val gebring, en sal ook die Westerse beskawing tot 'n einde kom.

Sonde bly 'n realiteit, 'n deel van die real world. Dit bring ellende. Maar ons moenie die ellende probeer heel nie, maar die liefde van God aan die ellendiges oordra.

Die wereld is verdoem deur die sonde van die mens en sal onderworpe wees daaraan tot die jongste dag.

Materialisme

Ons kan nie twee here dien nie, of Mammon of God. Die mens staan sentraal, en streef net na geld en rykdom. God word vergeet. Daarom, in 'n armer gemeenskap is daar meer omgee en lojaliteit vir mekaar, omdat die behoefte daaraan groter is.

Individualisme

Individualisme gaan meestal gepaard met ryker omstandighede en hoër beskawingspeil. Daarom is daar in die lande minder misdaadverwante lewensverliese. Maar dit beteken nie dat daar werklik vir

mekaar omgee word nie. Die liefde (agape) is nie aanwesig nie. Hoe hoër die welvaart, hoe meer kan die mens hom uitleef as individu.

Individualisme in die wêreld: My tyd is geld, my kennis en ervaring is geld. Ook kerklik kom dit voor, nl. dat elkeen vir homself leef, sy eie talente ontwikkel, en sodoende 'n charismatiese leefwyse begin. Dis net ek en God.

Menslike motivering:

Dis die proses wat tot individualisme lei. Die individuele strewe om die volle ek-potensiaal en status te bereik. Rykdom, glo hulle, bring geluk. (Sien ook hierby Maslow se hiërargie)

2. Hoe moet ons mekaar liefhê?

Vryheid

Christelike vryheid. Almal wil vry wees soos 'n voël. Bv. een vliegtuig kan vry wees, maar met meer as een word die lugruimte beperk. Wat is christelike vryheid dan? Dit is om alles te mag doen tot God se eer, binne sy perke. Dit is omgee vir naaste, sending, ens.

Verantwoordelikheid en regte

Elke reg (voorreg) het 'n verpligting. Mense wil die reg bekom maar nie die verpligting nakom nie. Dis uit liefde vir my naaste dat

“-isme” is verafgoding, d.w.s. individualisme is verafgoding van jouself. Individualiteit is waarop die Bybel klem lê. Almal gaan alleen verantwoordig doen, nie as groep nie. ek my verpligtings nakom. Nie net uit 'n wettiese verpligting nie.

Verantwoordelikheid: Help 'n persoon sodat hy sy verantwoordelikheid of verpligtings kan uitleef/nakom. Moenie sy verantwoordelikheid joune maak nie. Al ons handeling moet so gebeur dat God daardeur verheerlik word. Dit geld ook as jy met jou wêreldse, heidense of gelowige naaste omgaan.

My tyd vs My naaste se tyd

Daar is soveel maniere om God te dien.

Deur talente, taal of selfs beroep.

Maar onthou om 'n balans te hou.

Te veel van die 'ek'-faktor mag nie oorheers nie. God stel ook grense: 24-uur per dag, siekte, uitputting, ens. Benut dus jou tyd tot eer van God en jou naaste!



Bid altyd vir die Gees se leiding om daaglik teen die ek-faktor te stry!

Verhoudings

Deur middel van 'n rollespel het ons 'n idee gekry van hoeveel “bagasie” sommige mense in hul huwelike indra.

As ons na die Bybelse beginsel kyk, sien ons dat ons deur God se liefde ook mekaar moet liefhê. Die volgende stellings werp lig op die gebreke van soveel verhoudings:

1. 'Dating' bring 'n ou en 'n meisie verby vriendskap, en te vinnig na romanse.
2. Net omdat lippe ontmoet het, beteken dit nog nie dat harte verenig is nie.
3. 'Dating' isoleer 'n paartjie dikwels van ander lewensbelangrike verhoudings.
4. 'Dating' kan jongmense van hulle primêre verantwoordelikheid aflei, naamlik om vir die toekoms voor te berei
5. 'Dating' kan ontevredenheid veroorsaak met God se gawe van 'single'-wees.
6. 'Dating' kan 'n kunsmatige omgewing skep om die ander te leer ken en sy/haar karakter te evalueer.
7. Trou? Nee, ek is heeltemal tevrede met die verhouding soos dit tans is.

Daar is drie kernsake wat vanuit God se Woord betrekking het op 'dating':

1. Liefde

Die wêreld sien liefde as 'n gevoel, en glo “as jy regtig lief is vir my, dan sal jy dit of dat doen” en ook dat

liefde buite ons beheer is.

God se liefde is anders en wys altyd na Sy Seun. God se liefde gaan oor eer van God en eer aan jou naaste. Ook word egte liefde nie deur gevoelens beheer nie, maar deur wil. As liefde nie onder jou beheer is nie, is dit eerder lus (1 Tess. 4:5) Moenie oneerlik en selfsugtig wees nie, want God se liefde vra toewyding, ongeveinsdheid, onselfsugtigheid en verantwoordelikheid.



2. 'Single'-wees

Baiekeer beheer ongeduld ons in die periode van 'single'-wees. Maar Pred. 3:1-8 sê daar is 'n tyd vir alles. Jou tydsberekening is belangrik, en jy moet die gawe van 'single'-wees gebruik.

3. Reinheid

Reinheid is 'n lewensrigting, 'n soeke na geregtigheid wat in die hart begin. Om jou rigting van reinheid te behou moet jy die betekenis van fisiese intimiteit respekteer, jou standarde te hoog stel en ander se reinheid jou prioriteit maak.

Om 'n goddelike lewenstyl op te bou, moet jy eerstens skoon begin, jou ouers jou spanmaats maak, duidelike riglyne stel, die invloede op jou lewe ondersoek en jou oortuigings nederig oordra. Moet ook nie net altyd romanties raak nie, bou eerder 'n goeie vriendskap met iemand van die teenoorgestelde geslag. Respekteer die beperking van 'n seun-meisie vriendskap! Sien mekaar as broer en suster in Christus. Maar 'n hele stel reëls in jou verstand help niks as dit nie in jou hart leef nie. "Volg jou hart" is

'n 'gevaarlike' spreuk, want ons harte is rebels en misleidend (Jer. 17:9, Spr. 4:23). Geloof reinig ons harte, maar ons moet bly waak dat dit skoon en rein bly. Die drie grootste besoedelings van ons harte is verblindheid, lus en selfbejammering.

As jy 'single' is, maak die meeste daarvan. Oefen en word gereed vir die getroude lewe. Kyk by ander, maar moenie jou daaglikse dagtake nou afskeep nie.

As jy 'n lewensmaat soek, waarna moet jy kyk? Kyk na die persoon se karakter volgens sy/haar verhouding tot God, tot ander en ook persoonlike dissipline. Houding is ook belangrik. 'n Goddelike houding word gesien in gewillige gehoorsaamheid aan God, nederigheid, hardwerkendheid, genoegsaamheid en hoopvolheid.

A Quiet Place

I daily seek a quiet place, that's far from trouble and strife.
Where I can piece together, all the puzzles of my life.
It's there, away from TV and books, and far from the telephone.
That I can fellowship with God. Just He and I alone.

And there God pours His balm of love, into the life I live.
And there I find a peace and joy that only He can give.
I will not fear the circumstances I face from day to day.
For daily in my quiet place, I'm learning how to pray.

Glenda Fulton Davis

Bid vir ...

Opgroei

- Jeug van die VGK
- Bybelstudie
- Katkisasie
- Die Olielamp



Verjaarsdae

Bethal

Melinda Deysel 23-Feb

Johannesburg

Freddy van Lith 23-Feb

Kaapstad

Wietske Eefting 2-Feb
Hester Douma 4-Feb
Carike Byker 7-Feb
Adriaan Haak 8-Feb

Maranata

Tanya Kampman 13-Feb
Veronica Bouwmeester 20-Feb

Pretoria

Wouter Ros 9-Feb
Chris Stolper 10-Feb
Bettie van der Walt 11-Feb
Albert Bijker 12-Feb
Gerrit Smit 17-Feb
Celeste Bron 20-Feb
Eric Danielz 20-Feb
Annette van der Poel 21-Feb
Andrea van Renssen 24-Feb
Marita Ros 24-Feb
Jako Lubbinge 27-Feb